# Moet ek nog met die Heilige Gees gedoop word?

***(Die Gees in my lewe 5)***

Daar word in ons tyd baie gepraat oor die doop met die Heilige Gees. Dit is nogal opvallend dat tot die begin van die twintigste eeu daar min aandag aan die doop met die Heilige Gees gegee is. Dikwels word deur gelowiges die vraag gevra: moet ek nog met die Heilige Gees gedoop word?
Op hierdie vraag word verskillende antwoorde gegee. Sommige sê vir jou: ja, ook al is jy 'n ware gelowige, jy het nog die doop met die Heilige Gees nodig. Dit is nie voldoende om wedergebore te wees nie, jy moet met die Gees gedoop word. Dan ontvang jy die krag van die Heilige Gees en dan is jy goed toegerus om te getuig. Om hierdie opvatting te staaf beroep hulle hul op Hand. 2. Die dissipels van die Here Jesus wat tog al gelowiges was, word op Pinkster met die Heilige Gees gedoop. Jesus sê mos in Hand. 1:15: Julle sal binne 'n paar dae met die Heilige Gees gedoop word. Ander sê weer nee: maar as jy 'n gelowige is, as jy wedergebore is dan is jy met die Heilige Gees gedoop.
Wie is nou reg? Wat is presies die doop met die Heilige Gees? Is dit 'n eerste daad van die Gees in ons lewe of moet ons hier dink aan 'n tweede aksie van die Heilige Gees nadat ons wedergebore is?

## Bybelse spraakgebruik

Om hierdie vraag te beantwoord moet ons maar luister na die Bybel en daarby dan veral goed let op die Bybelse spraakgebruik met betrekking tot hierdie belangrike saak. Jesus praat in Hand. 1:15 oor die doop met die Heilige Gees, maar wanneer dit op Pinkster gebeur by die dissipels, dan word gesê dat hulle vervul is met die Heilige Gees. In Hand. 1:8 word gesê : die Heilige Gees sal oor julle kom, terwyl daar in Hand. 2:38 staan: julle sal die Heilige Gees as gawe ontvang. Wanneer ons let op die spraakgebruik van die Bybel met betrekking tot hierdie saak dan is dit duidelik dat gedoop met die Gees, vervul word met die Heilige Gees, of die Gees ontvang as 'n gawe alles wys na een en dieselfde ervaring. Maar dan bly daar nog die vraag: is dit 'n eerste of 'n opvolg-ervaring in die lewe van die gelowige?

## Met die Gees of deur die Gees?

Dit lyk in Hand. 2 of die doop met die Heilige Gees 'n tweede ervaring is in die lewe van die gelowiges. Die dissipels was immers al gelowiges en nou word hulle op Pinkster met die Heilige Gees gedoop! So was dit ook reeds in die lewe van die Here Jesus. Hy was tog die Gelowige by uitstek en tog word Hy by die Jordaan met die Heilige Gees gedoop (Luk. 3:22).
Wanneer ons na die gebeurtenis op Pinkster kyk dan verneem ons dat almal met die Heilige Gees vervul is. Pinkster is die vervulling van die profesie van Joël 2:28-32, waar geprofeteer word dat almal met die Gees vervul sal word. Dit is dus nie tot 'n bepaalde groep of tot enkele persone beperk nie. Die apostel Paulus bevestig dit in 1 Kor. 12:13 waar hy aan die gelowiges te Korinte skrywe, dat almal met die Gees gedoop is. Almal, dus al die gelowiges.
Nou word deur sommige Skrifverklaarders hierdie woorde van Paulus anders vertaal en verklaar. Hulle beweer dat Paulus hier nie praat van 'n doop met die Gees nie, maar dat hy hier uitdruklik skrywe oor 'n doop deur die Gees. En die doop deur die Gees moet goed van die doop met die Gees onderskei word. Die doop deur die Gees is dan die wedergeboorte, die begin van die nuwe lewe, terwyl die doop met die Gees dan die toerusting met die Gees is. Die Heilige Gees doop jou in die liggaam van Christus, jy kom tot geloof en jy het deel aan die verlossing. Dit is inderdaad moontlik om 1 Kor. 12:13 so te vertaal: julle is deur een Gees gedoop. Maar hierdie vertaling is geheel onbruikbaar, want hierdie uitdrukking in 1 Kor. 12:13 is grammatikaal geheel identies aan

die woorde in Hand. 1:5 en Mat. 3:11. Daar is dus baie goeie redes om ook in 1 Kor. 12:13 te lees: julle is almal met of in een Gees gedoop.
Daar is inderdaad Bybelverklaarders wat 'n onderskeid maak tussen 'n doop met die Gees en 'n doop deur die Gees, en dan beroep hulle hul juis op hierdie teks van Paulus. Daar sou dan twee dope wees: 'n doop wat deur die Gees bedien word waardeur ons wedergebore word, tot geloof kom en in die liggaam van Christus, sy gemeente ingevoeg word. Maar dan sou daar ook nog 'n tweede doop wees wat deur Christus bedien word, naamlik die doop met die Gees waardeur ons die krag van die Heilige Gees ontvang en geheel met die Gees vervul word.
Wanneer die Bybel egter spreek van 'n “doop” dan word daar altyd gesê waarin of waarmee iemand gedoop word: dit kan water of die Heilige Gees wees. En dit is nou die probleem met die doop deur die Gees. Wanneer daar 'n doop sou wees waarvan die Heilige Gees Diegene is wat die doop bedien, dan bly die vraag waarmee of waarin die Heilige Gees dan doop? Indien Paulus die gedagte van 'n doop deur die Gees aan sy lesers wou oordra, dan sou hy dit sekerlik anders geformuleer het.

Wat moet ons nou presies verstaan onder die uitdrukking: die doop met die Heilige Gees? Laat ons eers kyk na die woordjie “doop”.
By die woord doop val die klem besonder sterk op die oorvloed. Verseker sit daar in die uitdrukking ′doop′ ook die gedagte van reiniging en vergewing, maar in die uitdrukking ′doop met die Heilige Gees' kom veral die gedagte van oorvloed na vore. Die nuwe heilstyd, die messiaanse tyd is die tyd van die uitgieting van die Heilige Gees, Die Gees kom in al sy volheid. In die tweede plek is die woordjie ′in' baie belangrik. Dikwels praat die apostel Paulus daarvan dat ons in Christus is. ′In' beteken hier dieselfde as ′onder′. Ons is as gelowiges ′in Christus′. Dit beteken dat ons onder die mag gekom het van wat met Christus aan die kruis gebeur het. Ons is deur sy heilswerk ingetrek onder die verlossende krag van sy bloed. So beteken die woordjie ′in' met betrekking tot die Heilige Gees ook ′onder' die Gees. Diegene wat tot geloof gekom het, wat die verlossende werk van Christus ervaar het, het onder die mag, die invloed, die leiding, die beheersing en die gesag van die Heilige Gees gekom. Die uitdrukking ′doop met die Heilige Gees' is in die Nuwe Testament 'n formulering om die begin van die nuwe lewe aan te dui. Op die vraag van 'n gelowige, of hy dan nog met die Gees gedoop moet word kan ons ondubbelsinnig antwoord: nee!

Daar is egter nog een probleem wat uitgestryk moet word. Ons lees in die Nuwe Testament tog duidelik van gelowiges wat met die Gees gedoop word? Dit is geheel korrek. Op Pinkster kom die Heilige Gees in al sy volheid. Ons kan dit ook noem: die koms van die koninkryk van God op aarde. Met die koms van die Gees vestig Christus sy ryk op aarde. Sy dissipels word deur die doop met die Gees ingebring in daardie ryk. Dieselfde gebeur met die gelowiges in Samaria in Hand. 8 en met die Romeinse offisier Kornelius in Hand. 10. Hierdie gebeurtenisse val binne die raamwerk van die heilsgeskiedenis. Hulle is almal mense van die eerste generasie van burgers in die koninkryk van God. Hulle leef in die apostoliese eeue. Die boek Handelinge vertel ons niks oor die tweede geslag van Christene wat daarna gekom het nie. Daarom kan ons wat met die dissipels in Hand. 2 gebeur het nie as 'n norm stel vir alle gelowiges nie. Elkeen wat glo, is met die Heilige Gees gedoop. Maar hulle wat met die Gees gedoop is, moet ook met die Heilige Gees vervul word.

L Floor

© by skrywer - 2009
www.christelikebiblioteek.co.za